24 Julie 2022

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Lukas 11:1-13

Ons Vader-gebed

wat wil jy vandag **bereik?**

Ons praat graag met God, net soos Jesus gedoen het. God luister graag na ons en ons luister graag na God.

ons **storie:** waar is ons nou?)

Met watter mense spandeer jy graag tyd? Wat doen julle dan saam?

Hoekom is dit vir jou lekker saam met daardie mense? Hoe voel dit gewoonlik wanneer julle saam tyd kon spandeer het?

Hoe sal dit wees as ons gereeld in gebed met God, wat vir ons omgee, spesiale tyd saam spandeer? Wat sal met jou gebeur?

GOD se **storie**

wat sê die Bybel (daar en dan)

Lees **Lukas 11:1-13** saam as 'n groep of familie. Kyk dan die Oupa Abie video wat gaan oor die teksgedeelte

Nous volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daaroor. Vrae oor die teks word gevra.

3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Skryf die Ons Vader gebed op 'n vel papier uit. Versier dit en gee dit vir iemand spesiaal.

Julle kan ook die meer bekende Matteus 6:9-13 weergawe gebruik as julle wil.



gesels dan oor die volgende saam

- Wat het jy by Oupa Abie geleer oor die gedeelte?
- Wat maak dat Jesus se dissipels wil leer oor gebed? By wie sien hulle dit eerste? (Lukas 11:1)
- Hoekom verduidelik Jesus vir die dissipels hoe God se hart is? Hoekom vergelykj Hy God met ’n pa?
- Hoe dink julle het die gebed wat Jesus sy dissipels geleer het, hulle gehelp om te bid?

ons nuwe **storie** (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Watter een van die Ons Vader gebed, soos ons dit in Lukas 11 kry, raak jou vandag die meeste? Hoekom sê jy so?

Hoe nooi hierdie teks jou uit om te bid?

Watter planne kan jy maak om meer tyd in gebed te spandeer? Wil jy?

na die **erediens**

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Hou saam ’n stilgebed. Almal sit vir twee minute doodstil en fokus op God wat by julle is.

Na die twee monute stilte, kan die groepleier weer die teks een keer deurlees.

Almal kry daarna kans om nog sinne te bid.